LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

14-01-2019

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 2 VIR 2019

1 **ATLETIEK 2018**:

- Ons neem **Dinsdag, 15 Januarie** deel teen Laerskool Christiaan Beyers. Die leerders wat deelneem moet asb. 14:00 by Hoër Volkskool se bane wees.
- Die skool verdaag om 13:15.
- Leerders wat **Vrydag, 18 Januarie** deelneem sal hulle briefies Woensdag ontvang. Vrydag, 11 Januarie en Dinsdag, 15 Januarie se uitslae sal gebruik word om die span saam te stel.
- **KLEREDRAG**:
  Atlete kan deelneem in VOLKIE-VRYDAGDRAG of skool-atletiekdrag. Die "Ski-pants" moet asb. groen wees, en direk na deelname word die Volkiebroek weer bo-oor aangetrek.

2 **KLASINDELING**:

- Ons klasindeling word op 'n hetrogene basis gedoen en personeel doen baie moeite sodat dit regverdig en tot voordeel van die leerders strek.
- Ons doel is om leerders te leer om uitdagings te hanteer eerder as om dit te verskuif, daarom word geen leerders tussen klasse verskuif nie.
- Ons versoek ouers ernstig om asseblief geen versoeke te rig om kinders tussen klasse rond te skuif nie. Kontak eerder die onderwyser sodat die probleem op die regte wyse bestuur kan word.

3 **VRYSTELLING VAN SKOOLGELDE:**

- Ouers wat belangstel om aansoek te doen vir vrystelling van skoolfonds, moet asb. **PERSOONLIK** die vorms in die Finansieskantoor kom **AFHAAL EN INHANDIG** voor einde Januarie 2019. Vorms gaan nie aan die leerders uitgedeel word nie. Ouers wat leerders in pleegsorg het of deur die hof in pleegsorg geplaas is, moet ook asb. vir rekorddoeleindes 'n vrystellingsvorm invul.
- Al die skool- en naskoolrekeninge word môre uitgestuur per e-pos.

4 **OP- EN AFLAAI VAN LEERDERS:**

Neem mekaar asb. in ag met die beperkte parkering by die hekke. ♡Soen en groet ☺
Daar is addisionele parkering gereël vir u gerief op die **Klipkerk se parkeerterrein**. U

WORD DRINGEND VERSOEK OM ASSEBLIEF **NIE BY KLOOFSIG MOTORS TE PARKEER IN DIE OGGEND OF MIDDAG NIE.**

5 **KOMMUNIKASIE VANAF DIE SKOOL**:

Ouers kan op die volgende wyses die Omsendbriewe lees en ander kommunikasie na die skool gebruik:

- Skool se webwerf is www.laervolkskool.co.za
- D6-School Communicator link - www.school-communicator.com/download.php. Kies die skool - Laer Volkskool Heidelberg en volg die instruksies vir u rekenaar/ SLIMFOON. ***HIERDIE "APP" IS BAIE BELANGRIK, WANT DIT GAAN GEBRUIK WORD VIR DRINGENDE KOMMUNIKASIE NA U AS OUER.***
- Ons Facebook-adres is: http://www.facebook.com/pages/Laer-Volkskool-Heidelberg/114981885345721
- Indien u 'n epos adres het, gaan u as ouers die Omsendbriewe per epos ontvang.
- ***Daar sal van GEEN WHATSAPP GROEPE gebruik gemaak word nie.***

6 **REDENAARS 2019:**

- Die Junior skoolredenaars vind plaas op 4 Februarie en die Senior skoolredenaars op 5 Februarie 2019.
- Temas is as volg:

GRAAD 1-3	GRAAD 4-5	GRAAD 6-7
Maniere	Spaar	Vrees
Droom	Kuns	Dink
Jok	Frons	Dans

- Daar sal 16 Januarie in die saal vanaf 17:30, 'n Redenaarswerkswinkel wees om u touwys te maak oor die struktuur van die toespraak en wat verwag word.

7 **SWEM**:

Swemoefening gaan elke Dinsdag en Donderdag wees vanaf 14:30 tot 15:15. Ons oefen reeds Dinsdag, 15 Januarie 2019 by Hoër Volkskool se swembad vir die leerders wat nie by die atletiek betrokke is nie. Oefening is verpligtend vir almal wat NIE by die klub betrokke is nie.

Ligadatums:

30 Januarie	Rynfield
6 Februarie	Tom Newby
20 Februarie	St Dominic's
27 Februarie	Martin School
7 Maart	Interlaer by Boksburg Noord

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF